HOOFSTUK 6

Maatskaplike Dienste — Mense met Gestremdhede

'n Motor het Luvuyo Khani se ma raakgery terwyl sy swanger was met hom. Ná sy geboorte het hulle agtergekom dat daar fout is met sy ruggraat. Hy kon nooit loop nie en was van kleins af in 'n rolstoel. Luvuyo kry van kleins af al 'n ongeskiktheidstoelae. Toe sy ma 'n paar jaar gelede siek geword het, het hy besluit om te probeer om werk te kry sodat hy vir sy jonger broer en sussie kon sorg. Hy werk nou by die Bergrivier Vereniging vir Gestremdes in Kerklaan, Velddrif. Hulle maak houtartikels wat dan verkoop word. In die aand woon hy klasse by. Luvuyo droom daarvan om eendag sy eie besigheid oop te maak.

WES-KAAP

Athlone Skool vir Blindes
Athlonestraat, Baroma Landgoed, Glenhaven,
Bellville-Suid 7530
Privaat Sak X1, Kasselsvlei, Bellville-Suid 7530
Tel: (021) 951 2234
Faks: (021) 951 5118
E-pos: root@athloneblind.wcape.school.za
Kontakpersoon: Mnr F Fisher
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die projek gee aandag aan die probleem van werkloosheid onder blinde mense. Hulle wil sodanige mense help om op hulle eie voete te staan sodat hulle self 'n inkomste kan verdien. Blinde mense word veral aangemoedig om opleiding in die musiekbedryf te kry, veral vir die speel van 'n instrument, of as klankingenieur, om so gebruik te maak van hulle buitengewone gehoorvermoëns.
(Dekking: Wes-Kaap)

Distrik: Boland

Drakenstein Sentrum vir Persone met Gestremdhede
Louwslaan 12, **Suider-Paarl** 7646
Posbus 2657, Paarl 7624
Tel: (021) 863 0446
Faks: (021) 863 0450
Kontakpersoon: Me F de Jong
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Hierdie welsynsorganisasie sien om na ongeveer 30 volwasse mans en vroue met gestremdhede. Hulle bied verskeie dienste, oefeninge en opleidingsgeleenthede aan mense met gestremdhede om hulle onafhanklikheid te bevorder. Hulle het 'n vervoerdiens wat die mense by hulle huise oplaai. Tans is hulle besig met vyf projekte, naamlik naaldwerk, houtwerk, stoffeerwerk, kontrakwerk en kunswerk.
(Dekking: Paarl)

Lewensruimte vir Dowes
Ou Meule, De la Batweg, **Worcester** 6850
Privaat Sak X3101, Worcester 6849
Tel: (023) 342 0757
Faks: (023) 342 0087
E-pos: director_ld@deafcare.co.za
Kontakpersoon: Ds AL Smit
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding: Die organisasie bied 'n beskermde werkswinkel vir meervoudig gestremde dowes. Die diens is slegs vir volwassenes. Party van hierdie mense woon en werk by die sentrum. Daar is ook dagsorgpersone wat net daar kom werk. Daar moet 'n fooi betaal word, na gelang van die hoeveelheid sorg wat die persoon nodig het. Die mense kry wel 'n klein salarissie, asook 'n pensioen- en ongeskiktheidstoelae. Hulle doen projekte soos hout-, keramiek- en naaldwerk asook kontrakwerk, soos om briewe in koeverte te sit of om lêers te vou. Hulle doen ook kunswerk.

Sanel (Wellington)
Versaillesstraat 44, Wellington 7655
Posbus 311, **Wellington** 7654
Tel: (021) 873 1259
Faks: (021) 873 5951
E-pos: sanelwcb@mweb.co.za
Kontakpersoon: Mnr Du Toit
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Hierdie organisasie bied aan mense met epilepsie gelyke geleenthede om hulle volle potensiaal te bereik op alle gebiede in hulle lewe en om onafhanklik te wees.

Stellenbosch Werksentrum
Patrysweg 1, Onder-Papegaaiberg, **Stellenbosch** 7600
Posbus 3359, Matieland 7602
Tel: (021) 887 8688
Faks: (021) 887 8504
Kontakpersoon: Mnr P Williams
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Hierdie instansie help mense met gestremdhede om vaardighede en vermoëns te ontwikkel. Dit maak voorsiening vir 'n dagsorgfasiliteit en bied ook werkre habilitasieprogramme aan.
(Dekking: Stellenbosch-omgewing)

Sunfield Huis
Bainskloofpad, **Wellington** 7655
Posbus 824, Wellington 7654
Tel: (021) 873 5038
Faks: (021) 864 3124
E-pos: wellsun@mweb.co.za
Kontakpersoon: Mnr D de Villiers
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Sunfield Huis is 'n inrigting vir volwassenes met verstandelike gestremdheid. Daar is 86 inwoners asook 13 dagsorgmense. Hulle doen meestal kontrakwerk, soos om kartonne en rekeninge te vou, asook houtwerk en restourasiewerk. Hulle moet losies betaal, wat van hulle ongeskiktheidsfonds afgetrek word.

Worcester Organisasie vir Mense met Fisiese Gestremdhede
H.v. Grey- en Kerkstraat, **Worcester** 6850
Posbus 878, Worcester 6849
Tel: (023) 347 2002
Faks: (023) 347 2178
E-pos: wrcadp@lando.co.za
Kontakpersoon: Mev E Lotriet
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Die organisasie maak voorsiening vir nasorgdienste aan mense met gestremdhede. Hulle bied werksessies aan waar mense met gestremdhede kuns- en handwerkvaardighede leer. Hulle het ook fasiliteite vir die versorging van kinders (crèches).
(Dekking: Bonnievale en die hele Breedevallei)

Distrik: Eden

Emmaus

Memoriamstraat 6, **George** 6529
Posbus 6, George 6530
Tel: (044) 873 4196
Faks: (044) 873 4196
Kontakpersoon: Mev E Badenhorst
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding: Emmaus is 'n beskermde werkswinkel vir volwassenes met gestremdhede. Hulle doen meubelrestourasie.

Moria Werkswinkel

Olympicweg, Pacaltsdorp, **George** 6529
Posbus 1070, George 6530
Tel: (044) 878 0063
Faks: (044) 878 0063
E-pos: apd_george@ananzi.co.za
Kontakpersoon: Me J Viljoen
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding: Moira is 'n sentrum vir mans en vrouens met veelvuldige gestremdhede. Persone word elke dag by hulle huise op- en afgelaai. Hulle betaal 'n maandelikse R35, wat hulle vervoer en tee insluit. Die meeste van hulle ontvang ook 'n ongeskiktheidstoelae. Hulle doen naald-, brei-, hout- en borduurwerk. Hulle doen ook meubelrestourasie.

George Vereniging vir Mense met Fisiese Gestremdhede

Langstraat, Carpe Diem Skool, Clifia Hostel, **George** 6529
Posbus 1070, George 6530
Tel: (044) 874 4303
Faks: (044) 878 0063
Kontakpersoon: Me H Claasen
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die vereniging verskaf maatskaplike dienste aan persone met gestremdhede. Die organisasie is ook betrokke by gemeenskapsprojekte, opleiding en werkplasings.

Knysna Vereniging vir Fisies Gestremdes

H.v. Fortuin- en Wingweg, Hornlee, **Knysna** 6571
Posbus 200, Knysna 6570
Tel: (044) 385 0145
Faks: (044) 385 0145
E-pos: apdknysna@telkom.net
Kontakpersoon: Mev C Boshoff
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die vereniging lewer dienste aan persone met fisiese gestremdhede. Die organisasie is ook betrokke by gemeenskapsontwikkeling en die verbetering van die lewensgehalte van mense met gestremdhede.

Oudtshoorn Vereniging vir Mense met Fisiese Gestremdhede

Baron Van Reede-straat 25, **Oudtshoorn** 6625
Posbus 86, Oudtshoorn 6620
Tel: (044) 272 0683
Faks: (044) 272 0683
Kontakpersoon: Me L Olivier
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding en welsynsorganisasie: Die vereniging lewer maatskaplike dienste aan mense met fisiese gestremdhede. Hulle het ook 'n werkswinkel waar mense opgelei word in naaldwerk en ander vaardighede. Daar is ook 'n dagsorgsentrum vir kinders. Die organisasie is ook betrokke by gemeenskapsontwikkeling en die verbetering van die lewensgehalte van mense met gestremdhede.

Epilepsie Suid-Afrika

Rioweg, **Knysna** 6571
Posbus 107, Knysna 6570
Tel: (044) 382 2155
Faks: (044) 382 3545
E-pos: southcape@epilepsy.org.za
Kontakpersoon: Me HO Schutte
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding: Sanel is 'n welsynsorganisasie met ongeveer 60 inwoners en 25 dagbesoekers. Die organisasie sien om na mense wat aan epilepsie ly, asook diegene met gestremdhede. Inwoners maak tuinprodukte en doen weef- en leerwerk.
(Dekking: Knysna)

Wallace Anderson Huis

Proteastraat 29, **Riversdal** 6670
Tel: (028) 713 3626
Faks: (028) 713 3626
E-pos: wah@intellect.co.za
Kontakpersoon: Mev W Uys
Nieregeringsbehandelingsentrum: Die sentrum bied 'n tuiste vir mense met fisiese gestremdhede.

Distrik: Overberg

Camphill Hemel-en-Aarde Gemeenskapsplaas

Caledonweg, Hemel-en-Aardevallei, **Hermanus** 7200
Posbus 301, Hermanus 7200
Tel: (028) 313 8200
Faks: (028) 313 8210
E-pos: camphillfarm@hermanus.co.za
Kontakpersoon: Mev I Zwygla
Nieregeringswelsynsorganisasie: Hierdie organisasie verskaf huisvesting, sorg en werksgeleenthede aan volwassenes met verstandelike en fisiese gestremdhede. Hemel-en-Aarde bied 'n gesondheids- en terapiesentrum met groephuisvesting. Hulle probeer om deur middel van die produkte en dienste wat hulle lewer 'n genesende impak op die omgewing en die breë gemeenskap te hê. Aktiwiteite sluit in landbou, 'n bakkery, die maak van rottangmandjies, 'n plaaswinkel en 'n teetuin. Hulle het 'n jeugbemagtigingsprogram begin. Dit sluit in 'n opleidingskursus wat jongmense oriënteer en advies bied met betrekking loopbaanbeplanning.
(Dekking: Hermanus en omliggende landelike gebiede)

Elim Huis vir Mense met Gestremdhede

Die Werf, **Elim** 7284
Posbus 19, Elim 7284
Tel: (028) 482 1988
Faks: (028) 482 1648
E-pos: elimhome@worldonline.co.za
Kontakpersoon: Me CM Engel
Nieregeringsbehandelingsentrum: Elim Huis is 'n residensiële instansie wat 24-uur-sorg bied aan ongeveer 49 kinders en jongmense tussen die ouderdomme 5 en 25 jaar. Hulle het ook 'n groephuis vir volwassenes, maar gee voorkeur aan mense wat reeds in hulle sorg is. Hulle versorg mense met ernstige intellektuele en fisiese gestremdhede.
(Dekking: Bredasdorp, Napier, Struisbaai)

Distrik: Sentraal-Karoo

Vereniging vir Mense met Gestremdhede

Langs die N1 na Kaapstad
Posbus 58, **Beaufort-Wes** 7970
Tel: (023) 415 1650
Faks: (023) 414 3066
Kontakpersoon: Mev Jooste
Provinsiale program—behandelingsentrum: Die sentrum onderneem gevallewerk, groepwerk en werksessies vir gestremde volwassenes. Die sentrum bied ook aktiwiteite aan vir kinders met gestremdhede.
(Dekking: Beaufort-Wes, Prins Albert)

Distrik: Stad Kaapstad

Alta du Toit Nasorgsentrum

Bo-Lincolnstraat, **Bellville** 7530
Posbus 5002, Bellville 7535
Tel: (021) 913 2106
Faks: (021) 913 3658
Kontakpersoon: Mnr R Basson
Nieregeringsorganisasie—opleiding: In die inrigting word mense met verstandelike en geestelike gestremdhede versorg en ontwikkel. Daar is omtrent 160 mense wat inwoon, maar daar is ook dié wat net in die dag inkom. Die ouderdomme wissel van 18 jaar tot ouer. Hulle word met projekte soos naaldwerk, pottebakkery, weefwerk en houtwerk besig gehou.

Kaapse Vereniging vir Geestelike Gesondheid

Ivystraat 22, **Observatory** 7925
Privaat Sak X7, Observatory 7935
Tel: (021) 447 9040
Faks: (021) 448 8475
E-pos: info@cmhs@co.za
Kontakpersoon: Mev Tahira Kassiem
Nieregeringsorganisasie—berading en opvoeding: Hierdie vereniging is gemoeid met geestesgesondheid. Hulle bestuur die gevalle van persone wat van hulle dienste gebruik maak en bied ook ondersteuning, opleiding en kapasiteitsbou aan mense met verstandelike gestremdhede en hulle gesinne.

Kaapstad Vereniging vir Mense met Fisiese Gestremdhede

Reable Sentrum, Tarentaalstraat 152, **Bridgetown** 7764
Posbus 12982, Mowbray 7705
Tel: (021) 637 1205
Faks: (021) 637 1204
E-pos: reable@iafrica.com
Kontakpersoon: Mev Bridgette van der Merwe
Nieregeringswelsynsorganisasie: Hierdie organisasie lewer maatskaplike ontwikkelingsdienste aan mense met fisiese gestremdhede wat by hulle gesinne woon. Verdere dienste sluit in ondersteuning en bemagtiging deur berading, groepsaktiwiteite en gemeenskapsontwikkeling. Daar word op mense met gestremdes se basiese behoeftes gefokus, byvoorbeeld toelaes en basiese hulp, vervoer, opvoeding, toegang tot sportfasiliteite en werkskepping.
(Dekking: Kaapse Skiereiland, Bloubergstrand, Simonstad, Khayelitsha)

Indecomp

Reable Sentrum, Tarentaalstraat 152, **Bridgetown** 7764
Posbus 6, Hanover Park 7782
Tel: (021) 637 1205
Faks: (021) 637 1204
E-pos: indecompbureau@iafrica.com
Kontakpersoon: Mnr N White
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Hierdie organisasie maak gebruik van mense met gestremdhede om inligting in rekenaars in te voer. Hulle ontvang ook rekenaaropleiding.

Astra Sentrum

Bredastraat 20, Tuine, **Kaapstad** 8001
Tel: (021) 465 4200
Faks: (021) 465 4231
E-pos: jsec@iafrica.com
Kontakpersoon: Mev S Agranat
Nieregeringswerkswinkel—opleiding: Hierdie werkswinkel bied opleiding en ontwikkelingsaktiwiteite aan mense met verstandelike gestremdhede. Hulle maak verskeie produkte wat hulle dan aan die publiek en winkels verkoop. Mense met gestremdhede hoef nie te betaal om werksessies by te woon nie.

Mitchells Plein Sentrum vir Mense met Gestremdhede

H.v. Charliestraat en 9de Laan, Beacon Valley, **Mitchells Plein** 7785
Privaat Sak X 7, Observatory 7935
Tel: (021) 376 7809
Faks: (021) 376 7812
Kontakpersoon: Mnr J Darries
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Die sentrum het ongeveer 80 mense met gestremdhede wat elke dag inkom om lewensvaardighede te leer. Daar is ook

'n groep wat produksievaardighede leer. Die sentrum help mense met gestremdhede om moontlik eendag in die formele ekonomie werk te kry.

Ocean View Werkgroep

H.v. Draco- en Castorweg, **Ocean View** 7975
Tel: (021) 783 1274
Faks: (021) 788 1882
E-pos: dawnhare@iafrica.com
Kontakpersoon: Me D Hare
Nieregeringsorganisasie — werkswinkel vir opleiding: Dié organisasie skep opleidings- en werksgeleenthede vir volwassenes met gestremdhede en is ook betrokke by gemeenskapsontwikkeling in die Ocean View-omgewing. Hulle bied werksessies in 'n beskermde omgewing aan en het ook 'n spesiale sorgsentrum vir kinders met intellektuele en fisiese gestremdhede.

Joyce Chevalier Sentrum vir Mense met Gestremdhede

Bo-Kinraesingel 23, **Vishoek** 7975
Tel: (021) 782 2126
Faks: (021) 782 2126
Kontakpersoon: Mev O Norton
Nieregeringsorganisasie — werkswinkel vir opleiding: Die inrigting is 'n werkswinkel vir mense met gestremdhede. Hulle doen kontrakwerk vir Ina Paarman. Lone word weekliks aan hulle betaal. Tee en koffie word deur die loop van die dag aan die werkers gegee, maar geen etes nie.

Kwa-Nontuthuzelo

NY 108, Uluntu Sentrum, **Guguletu** 7490
Posbus 21181, Durrheim 7491
Tel: (021) 638 7174
Faks: (021) 699 1856
Kontakpersoon: Me D de Klerk
Nieregeringsorganisasie — werkswinkel vir opleiding: Hierdie inrigting bied 'n beskermde werkswinkel wat alle mense met gestremdhede, behalwe blindes, help. Die werkswinkel vervaardig sowel hulle eie produkte as gekontrakteerde produkte. Die gestremdes verdien weekliks lone as vergoeding vir hulle werk.

Kwa-Nothemba

Phakamanipad, Seksie E, **Khayelitsha** 7784
Posbus 494, Mitchells Plein 7789
Tel: (021) 361 1560
Faks: (021) 932 5048
E-pos: mwannen@iafrica.com
Kontakpersoon: Mnr A Parker
Nieregeringsorganisasie — werkswinkel vir opleiding: Die inrigting bied 'n beskermde werkswinkel vir volwassenes (18 jaar en ouer) met gestremdhede. Op die oomblik is daar ongeveer 60 mense. Mense hoef nie te betaal om werksessies by te woon nie. Hulle doen verskeie projekte soos spyseniering, naaldwerk en tuinwerk.

Miracles

H.v. Voortrekker- en Alicestraat, **Goodwood** 7460
Posbus 563, Goodwood 7459
Tel: (021) 592 4173
Faks: (021) 592 4371
Kontakpersoon: Mev L de Jager
Nieregeringsorganisasie — werkswinkel vir opleiding: Miracles is 'n beskermde werkswinkel waar mense met fisiese gestremdhede lewensvaardighede aanleer. Daar is ongeveer 145 mense by hierdie sentrum. Vervoer teen 'n lae koste word gereël en die mense is betrokke by verskeie projekte soos handwerk, restourasiewerk en kontrakwerk, waarvoor hulle 'n klein salarissie ontvang ter aanvulling van hulle ongeskiktheidstoelaes. Die organisasie is tans ook betrokke by 'n sportprojek.

Oasis Werkswinkels

1. H.v. 16de Straat en 8ste Laan, **Elsiesrivier** 7490 (ook bekend as Goodwood Beskermde Werkswinkel)
Privaat Sak X23, Claremont 7735
Tel: (021) 933 1586
Faks: (021) 931 3882
E-pos: oasis@mweb.co.za
Kontakpersoon: Mev Beverley Damon
2. Leestraat 33, **Claremont** 7708 (ook bekend as Claremont Beskermde Werkswinkel)
Privaat Sak X23, Claremont 7735
Tel: (021) 671 2698
Faks: (021) 683 5011
E-pos: oasisps@mweb.co.za
Kontakpersoon: Me G Bester
Nieregeringsorganisasie — werkswinkels vir opleiding: **Elsiesrivier:** Hierdie is 'n beskermde werkswinkel met ongeveer 200 volwassenes met verstandelike gestremdhede. Vervoer word vir hulle gereël. Hulle doen klein werkies soos skoonmaak en verpakking. Hulle ontvang ook 'n klein salarissie elke maand. **Claremont:** Hierdie is 'n werkswinkel met ongeveer 350 volwassenes en 80 kinders met verstandelike gestremdhede. Daar is twee huise waar 40 mense gehuisves word. Deelnemers doen projekte soos kontrakwerk en herwinning, waarvoor hulle 'n klein salarissie ontvang.

The Village Werkswinkel

Eerste Laan 11, **Claremont** 7708
Posbus 2384, Clareinch 7740
Tel: (021) 683 1300
Faks: (021) 683 8780
Kontakpersoon: Mev E Harris
Nieregeringsorganisasie — opleiding: Dit is 'n welsynsorganisasie wat omsien na ongeveer 120 volwasse mans en vroue met gestremdhede. Hulle het 'n vervoerdiens wat die mense by hulle huise oplaai. Hulle doen projekte soos naaldwerk, houtwerk en verpakkingswerk.

Robertson Huis
Corsairweg 20, **Sanddrift** 7441
Posbus 176, Milnerton 7435
Tel: (021) 551 3780
Faks: (021) 551 3780
E-pos: christellepretorius@webmail.co.za
Kontakpersoon: Mev C Pretorius
Nieregeringsorganisasie—behandelingsentrum: Die organisasie verskaf verblyf en fasiliteite aan mense met fisiese en geestelike gestremdhede.

Rosedon Huis vir Serebraal Gestremde Volwassenes
Rosedonweg 11, **Rondebosch-Oos** 7780
Posbus 36453, Glosderry 7702
Tel: (021) 696 2042
Faks: (021) 696 4988
Kontakpersoon: Mev L Ziyestra
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die huis bied behuising aan volwassenes met serebrale gestremdheid.

Unity Werksentrum
Vibenstraat 9B, **Brackenfell** 7560
Posbus 1503, Kraaifontein 7569
Tel: (021) 982 5294
Faks: (021) 982 5294
E-pos: gnoel@pawc.wcape.gov.za
Kontakpersoon: Me V Jeposa
Nieregeringsorganisasie—opleiding: Die inrigting maak voorsiening vir volwassenes met gestremdhede. Hulle is tans besig met 'n naaldwerkprojek waar persone met gestremdhede opgelei word om naaldwerk te doen.

Tygerberg Vereniging vir Mense met Gestremdhede
St. George-straat, **Bellville** 7530
Posbus 298, Kaapstad 8000
Tel: (021) 945 4710
Faks: (021) 948 8972
Kontakpersoon: Mnr Joseph
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die hoofdoelwit van hierdie organisasie is die maatskaplike en politieke bemagtiging van mense met gestremdhede, die verligting van armoede, en befondsing.

Unity 2 Werksentrum
Eenheid 6, Nicoleweg, Blackheath, **Eersterivier** 7100
Tel: (021) 905 6215
Faks: (021) 905 0275
E-pos: gnoel@pawc.wcape.gov.za
Kontakpersoon: Mev D Markus
Nieregeringsorganisasie—werkswinkel vir opleiding: Hierdie instansie help met die opleiding en ontwikkeling van mense met fisiese gestremdhede. Hulle bied dagsorgfasiliteite en het 'n vervoerdiens om die mense van hulle huise tot by die werksentrum te kry. Hulle beskik op die oomblik oor twee dagsorgsentrums. Die volwassenes werk in die werkswinkel, en daar is ook 'n kleuterskool vir jong kinders.

Distrik: Weskus

Olifantsrivier Vereniging vir Mense met Fisiese Gestremdhede
Erf no. 4, **Vredendal** 8160
Posbus 752, Vredendal 8160
Tel: (027) 213 5764
Faks: (027) 213 5764, Hulplyn: 0833 569 054
E-pos: olifantsrvlg@kingsley.co.za
Kontakpersoon: Mev SJ Carstens
Nieregeringswelsynsorganisasie: Hierdie welsynsorganisasie maak voorsiening vir die behoeftes van mense met fisiese gestremdhede. Hulle werk tans in groepe aan die maak van sekere items wat in 'n winkel genaamd Physdizzi verkoop word. Die organisasie kry 30% van die wins om materiaal te koop en die res is inkomste vir die mense met gestremdhede.

Weskus Vereniging vir Mense met Fisiese Gestremdhede
Langs Boswewerstraat 94, **Vredenburg** 7380
Posbus 114, Vredenburg 7380
Tel: (022) 713 2304
Faks: (022) 713 1639
Kontakpersoon: Mev L Blake
Nieregeringsorganisasie—behandelingsentrum: Die vereniging bied rehabilitasie- en dagsorgfasiliteite aan mense met gestremdhede.
(Dekking: Bergrivier en Saldanha)

Camphill Alfa-en-Omega Gemeenskapsplaas
Klein Dassenbergweg, **Atlantis** 7349
Posbus 1451, Dassenberg 7350
Tel: (021) 572 2345
Faks: (021) 572 2238
E-pos: info@camphill.org.za
Kontakpersoon: Mnr B Joffin
Nieregeringswelsynsorganisasie: Die organisasie verskaf huisvesting, versorging en werksgeleenthede aan volwassenes met verstandelike en fisiese gestremdhede. Alfa-en-Omega bied 'n gesondheids- en terapiesentrum met groephuisvesting. Hulle probeer om deur middel van die produkte en dienste wat hulle lewer 'n genesende impak op die omgewing en die breë gemeenskap te hê. Werksaamhede sluit in landbou, 'n kwekery, 'n melkery, 'n bakkery, die maak van rottangmandjies, 'n plaaswinkel en 'n teetuin. Hulle het 'n jeugbemagtigingsprogram begin. Dit behels 'n opleidingskursus wat jongmense oriënteer en bied advies oor loopbaanbeplanning.
(Dekking: Atlantis)